Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

5. **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

   **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) en C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae van die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200–250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 350–400 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br><br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. *Afrika, my Afrika* | Opstelvraag | 10 | 6 |
| | | | |
| 2. *My hand ritsel* | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| | | | |
| 3. *Boggomsbaai-blues* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| | | | |
| 4. *Vroegherfs* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. Virtual Reality | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Droomdelwers* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| | | | |
| 7. *Droomdelwers* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.** | | | |
| 8. *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 9. *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| ***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.<br><br>**Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.** | | | |

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 6–7 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 8–9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Afrika, my Afrika – Daniel Hugo**

I
vergeet van springkane en droogte
haelstorms en meteoriete
dit is die klein irritasies
wat my radeloos maak:
vlieë, vlooie, muskiete

II
die muskiet prospekteer met sy boor-
stellasie op die vlakte van my vel:
hy soek die minerale in my are

III
die vervlakste, ratse vlooi is ŉ spring-
haas op die karooveld van my kooi

IV
die vlieg is ŉ voorste sensasiesoeker:
in hierdie droë land is hy eerste by – geboei
deur trane wat loop, bloed wat vloei

[Uit: *Hanekraai*, 2012]

Die metafore van die muskiet, die vlooi en die vlieg word uitgebrei om beelding soos hiperbool en klimaks te bewerkstellig.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 200–250 woorde. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**My hand ritsel – Cas Vos**

As die skemer deur ruite val,
ritsel my hand op leë papier,
fluit ŉ trein in die nag se oor.
Sterre dryf soos bote op water
en skadu's skuif in voor die maan.

As my hand ritsel op papier,
kom daar in die skemeruur
ŉ gedig uit swartland se drome.
Ek soek tussen die fragmente
na die omtrek van jou gesig,
my oë dwaal oor die are
wat op jou sagte hande vertak.

Ek merk hierdie gedig op papier,
lig soos asem in die nag se mond.
ŉ Gedig met horte en stote,
my hand is stomp en dom
van groen poësie se vlekke
en woordlyne bly ontspoor.

My hand skryf op papier
in die vervalle skemeruur
voor my woorde droog ritsel.

[Uit: *Intieme afwesige*, 2009]

2.1 Hoe weet ons die spreker is ŉ digter? (1)

2.2 Waarom is dit korrek om te sê daar het heelwat tyd verloop voordat ŉ gedig begin vorm aanneem het? (1)

2.3 Benoem die stylfiguur in versreël 6 en noem EEN rede hoekom die digter die stylfiguur hier doeltreffend inspan. (2)

2.4 Wat dink jy is denotatiewe en konnotatiewe betekenis van *fragmente* in versreël 9? (2)

2.5 Herlees strofe 3.

Verduidelik wat *met horte en stote*, *groen poësie* en *bly ontspoor* onderskeidelik omtrent die spreker se handeling te kenne gee. (3)

2.6 Tot watter insig kom die spreker in die slotstrofe? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Boggomsbaai-blues – Pirow Bekker**

Bog met die *blues*, dis agter die duin:
almal ry hier op die golwe se kruin.

Niemand skree boggom oor ʼn donker jas,
hier sing jy ʼn ding tot dit jou pas.

Eintlik is die dood jou beste pel:
bly jou lewe lank jou metgesel.

Waar jy ook al gaan, hy bly by jou,
druk op sy nommer en hy's gou soos nou.

Jy kan maar aanjaag, hy's daarvoor gebou.
Raak jy dalk eensaam, hy is daar vir jou.

Die beste nog: vergeet maar die gekwel:
verstoot sal hy jou nooit, sy hart is ʼn hotel.

[Uit: *Stillerlewe, 2002*]

3.1 Benoem die halfrym/klankeffek in die titel van die gedig en noem hoe dié klankgebruik bydra om die toon van die gedig te help bewerkstellig. (2)

3.2 Hoe word die eerste woord in die gedig beklemtoon? (1)

3.3 Benoem die soort strofes in die gedig, skryf die rymskema neer en sê wat die eindrym is. (3)

3.4 Watter kritiek word na jou mening in strofe 2 op die samelewing gelewer? (1)

3.5 Wat is die tema van die gedig? (1)

3.6 Wat is die funksie van die eerste dubbelpunt in die slotstrofe? Verduidelik ook wat jy dink die metafoor in dié strofe beteken. (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vroegherfs – Joan Hambidge**

Die jaar word ryp in wrede ontnugtering,
ŉ woede wat verkil, en bitter idees
wat daglank deur my nuwe minagting
uitgespoel word; alle idees word reëls,
tot selfs die slustes; en die eers beelde val
so stilweg in my donker depressiewe drome uit
sodat die dendriete in my brein al
teen elke ligte môre ooreis, ópspruit.
O muses, laat hierdie dae nooit verbygaan:
laat alles val wat poësie of stilte verbreek
of cliché is, en vér was van die pyn;
laat ryp word, muses, laat jul verwoesting nimmer taan,
vir ewig, tot al my demone afgebreek
word in relevante, tydgebonde skyn.

4.1 Op watter interteks is hierdie gedig geskoei? Wees spesifiek. (1)

4.2 Verklaar die gedigtitel binne konteks van die gedig. (1)

4.3 Bespreek die uiterlike bou van die gedig. (2)

4.4 Wat is die funksie van die halfrym in versreël 6? (1)

4.5 Waar vind die wending in die gedig plaas en waarom is dié versoek ironies? (2)

4.6 Noem TWEE dinge waarvoor jy dink die spreker in die slotstrofe vra en noem wat die eindelike proses/verandering is waarna die spreker smag. (3)

**[10]**

**EN**

Kopiereg voorbehou

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Virtual Reality – George Weideman**

Ons is nie verdryf nie
ons het dit afgesweer:
die lowerlushof van weleer
word deur ŉ gerub* met ŉ gasmasker
en ŉ randsnyer beheer.

Spraak het nie verdwyn nie
ons het dit bloot verleer:
die storievertellers floreer
nou op ŉ elektroniese,
kosmieser manier.

Selde kyk ons buitentoe
waar mossies tussen blare speel.
Die vensters van die rekenaar
bied uitsig op ŉ binnestad
waarna ons gehipnotiseer

en volkome onversadig staar.

[Uit*: ŉ Staning onder sterre,* 1997]

**Gerub: gevleuelde hemelse wese in rang net onder ŉ seraf.*

5.1 Wat beteken die titel van die gedig? (1)

5.2 Waarom gebruik die digter die Engelse rekenaarterm as titel van die gedig? (1)

5.3 Wat wil die eerste strofe te kenne gee oor die mens se ingesteldheid teenoor die lowerlushof? (1)

5.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 7? Wat bedoel die spreker met die woorde na die dubbelpunt? (2)

5.5 Hoekom voel die spreker nie positief oor die virtuele werklikheid nie? Noem DRIE redes. (3)

5.6 Waarom is dit korrek om te sê versreël 16 beklemtoon die onvermoë van die virtuele werklikheid om die mens te bevredig? Stem jy saam met die spreker se hoofgedagte in die laaste reël van die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag.

### *DROOMDELWERS* – Esta Steyn

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DROOMDELWERS* – OPSTELVRAAG

Die hoofkarakter, Leendra van Hellberg, ondergaan deur die loop van die roman karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

*Ou Hennerik Rooihel se meisiekind het daai Sondagmiddag op die dorp aangekom. Sy was saam met Phil van Tonder innie mouter in. Ek konnie haar gesig sien nie. Net die bos rooi hare. Ek het opgekyk na die koppe. Na die Kleinkloef. Tja, die Kleinkloef. Maar anie storie van die Kleinkloef wou ek nie toe dink nie. Nee. Ek het gekyk hoe die mouter na die soutmyn se kant toe swaai. Wat maak sy hier? het ek gewonner. Het sy dan klaar gesit? Het hulle haar dan gouer laat ytkom? Ek het nie gewiet nie. Al wat ek gewiet het, was dat haar aankoms ʼn beroerte oppie dorp sou afgee.*

Phil se motor draai in by ʼn groot oop stuk grond wat soos ʼn plaaswerf lyk. Die naambord by die oop hek blink in die son. *Van Hellberg Soutmyn*. Daar is bome, buite-geboue en ʼn groot ou huis aan die linkerkant. Aan die oorkant staan ʼn kleiner huis. Dis hier waar ant Sweetie agter die kantgordyn uitloer en agtertoe roep: "Bontie! Kom kyk! Hulle het gekom!"

"Kom weg van die venster af, Sweetie! Hulle sien vir jou!" Oom Bontie verskyn met krom skouers agter haar.

"Hulle sien my nie," sê ant Sweetie en probeer haar groot lyf eenkant hou, maar haar oë bly om die draai loer, vasgenael op Leendra wat uit die motor klim. "Jitte, kyk hoe lyk die kind, uitgeteer. En kyk hoe hang die hare. En daar klim Phil ook nou uit. Ewe vol smiles".

7.1 In watter breër verhaalruimte/kontrei speel die gebeure in hierdie uittreksel af? (1)

7.2 Wie is die verteller in reël 1–9 en wat is sy funksie in die onderstreepte gedeelte in reël 3–5? (2)

Kopiereg voorbehou 

7.3 Van watter karakteriseringstegniek maak die skrywer in die onderstreepte gedeelte in reël 1 gebruik? Wat lei jy moontlik hierdeur omtrent dié karakter af? (2)

7.4 Die verwysing na die soutmyn in reël 6 en 12 roep die simboliek van sout in die roman op. Verklaar die gebruik van sout asook die simboliese waarde daarvan binne konteks van die verhaalgebeure. (2)

7.5 Watter karaktertrek van ant Sweetie kom duidelik in reël 14 na vore? Sou dit korrek wees om te sê Leendra het ŉ goeie verhouding met hierdie karakter? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die roman. (3)

7.6 Herlees reël 20–21.

Hoekom lyk Leendra so verwaarloos? Waaroor ervaar Leendra innerlike konflik wanneer sy hier uit die motor klim? Noem TWEE sake. (3)

**EN**

**TEKS B**

Sy lig haar dun arm op, swaai die bottel aan die tou omhoog en kap dit dan met ŉ kragtige haal teen die groot blok. Die bottel spat aan skerwe en die sjampanje loop bruisend oor die appelkooskleurige graniet.

Almal klap hande en juig. "On Dream Dolorosa!" roep Mario luid met ŉ glas sjampanje omhoog.

En toe klim Samuel ook op die lorrie. Hy slaan sy arm om Leendra se dun middel. Voordat sy weet wat gebeur, trek hy haar nader. Sy sterk arms is om haar nek. Hy buk af en soen haar op haar mond daar op die platbed-lorrie, ten aanskoue van almal wat juig en hande klap, terwyl Mario die kamera laat flits. Die skok van sy aanraking laat haar kop duisel, terwyl haar rooi hare oor sy wang waai.

"Sjoe," sê oom Bontie, "dis nou vir jou ŉ ding!"

"Thank you! An excellent job!" roep Mario opgewonde terwyl Samuel haar in sy arms oplig en haar van die lorrie aftel.

"My pleasure, Mario," sê sy hees met ŉ kloppende hart.

"No, it was my pleasure," sê Samuel en kyk ondeund na haar.

Daar word nog sjampanje geskink en Mario lig sy glas: "On a perfect crystalline texture. On a deposit that is not known to exist in Southern Africa or elsewhere in the world. On Dream Dolorosa!" Hy kyk na Leendra. "And on Miss Dolorosa!"

ŉ Rukkie later staan Leendra by oom Bontie wat skoon aangedaan van opwinding is. "Leentjies, ek wens jou pa kon vandag hier wees..."

7.7 Teen watter agtergrond speel die gebeure in die uittreksel af? Noem ook hoe dié gebeure by die titel van die roman aansluit en motiveer met TWEE redes hoekom jy dink die titel op konnotatiewe vlak by Leendra aansluit. (4)

7.8 Hoe dra Mario aanvanklik tot Leendra se onsekerheid in die roman by? (1)

Kopiereg voorbehou 

7.9 Hoekom noem Mario Leendra in reël 20 *Miss Dolorosa*? Is dit ’n gepaste naam vir haar? Motiveer jou antwoord. (2)

7.10 Is die Leendra wat die leser in TEKS B ervaar anders as die Leendra in TEKS A? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

7.11 Hoe verander die gebeure in hierdie uittreksel eindelik die lot van Western Mining, die Redelinghuyse en die Vlaktevleiers onderskeidelik? (3)

7.12 Wat is die hooftema van *Droomdelwers*? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag.

### *MY JAPAN* – Schalk Schoombee

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MY JAPAN* – OPSTELVRAAG

Die hoofkarakter, Ilse, ondergaan deur die loop van die drama karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 350–400 woorde.

### VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| MA: | *(roep)*: Ilse! |
| ILSE: | Mmmmmmm? |
| MA: | Ilse, waar kruip jy weg wanneer ek jou nodig het? |
| ILSE | *(kreun)*: Uh-uhhhh! |
| MA: | Ag kom help vir Mamma! |
| ILSE | *(mompel)*: Kannie nou nie ... |
| MA | *(tergend)*: Luiaard, gaan kyk na die mier. Hy versamel in die somer vir die honger tyd wat kom. |
| ILSE: | Mmmmmmmmmm? |
| MA: | Danie! Waar's jy? Jou stouterd! |
| | *'n Seuntjie in kortbroek speel laggend tussen die lakens en klere, kruip weg vir die ma.* |
| | *Weerlig blits agter.* |
| MA: | Danie! Kom hier! As ek my sonde nie ontsien nie! Ilse, kan jy kom help om jou boetie se vuil hande van my wasgoed af te hou! |
| | *Links verskyn Matrone en Suster, albei in wit uniform. Matrone deel gekleurde pille aan Suster uit. Die pille word in klein plastiekhouertjies op 'n trollie of skinkbord gepak.* |

| | |
|---|---|
| MATRONE: | Groen pilletjie. |
| SUSTER: | Groen pilletjie. |
| MATRONE: | Vir jaloesie. |
| SUSTER: | Vir die groen-oog monster. |
| | *Donderweer rammel in die verte. Die ma kyk gesteurd op.* |
| MA: | Ag nee! Kan jy glo? |
| ILSE | *(in haar slaap)*: Dit was ŉ donker en stormagtige nag ... |
| MA: | Nou moet ek alles weer afhaal. Ilse, kom help my! |
| ILSE | *(mompel)*: Kannie nou nie! Besig met ŉ spookstorie. |
| MATRONE: | Geel pilletjie. |
| SUSTER: | Geel pilletjie. |
| MATRONE: | Vir selfbeheersing. |
| SUSTER: | Vir knyp en vasbyt. |
| MA | *(haal wasgoed haastig af)*: Luiaard se liggie gaan dood in stikdonkerte. Ilse, gaan jy opstaan of nie! |
| ILSE | *(rol rond)* Los my uit, los my! |
| MA: | Klein merrie! Die glas is halfvol, nie halfleeg nie. |
| | *Danie verdwyn laggend agter een van die lakens.* |
| ILSE | *(sit regop, dromend)*: Kyk, dis hy! Akashita, die monster wat in die swart wolk bokant die vloedhekke oprys! |

9.1 Verklaar hoekom hierdie uittreksel deel van die eksposisie is. (1)

9.2 Herlees reëls 10–12.

Hoe dra hierdie seun tot Ilse se innerlike konflik en hartseer by? Wat doen Ilse in die drama om haar hartseer te probeer besweer? (2)

Kopiereg voorbehou

9.3 Wat is die rol van Matrone en Suster in die drama? Aan watter vroeëre gebeurtenis omtrent Ilse se ma herinner hierdie twee se verskyning die leser telkens? (2)

9.4 Wat is die funksie van die toneelaanwysings/neweteks in reël 25–26? (1)

9.5 Verklaar die gebruik van die ellips in reël 29. (1)

9.6 Watter karaktertrek van Ilse kom in reël 39 na vore? Dink jy Ilse se ouers se verhouding dra by tot hierdie karaktertrek? Motiveer jou antwoord. Sê ook in watter opsig Ilse se Japannese ouers van haar werklike ouers verskil. (3)

9.7 Herlees reël 41–43.

Verklaar met TWEE kenmerke wie of wat Akashita in die Griekse mitologie is en lewer kommentaar op die funksionaliteit van die beeld binne konteks van die dramagebeure. (3)

Kopiereg voorbehou 

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| | *Ilse staan op, trek die kimono uit en hang dit in die middel aan die wasgoeddraad op. Sy gaan staan skuins voor haar kostuum.* |
| ILSE | *(tik op haar skootrekenaar/mimiek)*: Met ŉ bevolking van 126,8 miljoen wat op 40 persent van die land woon, is dit verstaanbaar dat ruimte in Japan skaars is. Elke krieseltjie ruimte is kosbaar. |
| | *Engela kom op en hang haar skoene aan die draad op.* |
| ENGELA | *(Skype)*: Jy het verskillende skoene nodig. Vir stap, vir werk, vir sport, vir die huis. Jy's gedurig besig om skoene aan en uit te trek, aan en uit! |
| | *Die ma kom op en hang haar moderne klere (aan ŉ hanger) op die draad. Sy het slaapklere aan.* |
| MA: | In die stad is dit die korporatiewe kultuur, ŉ streng hiërargie. Selfmoord is endemies onder beroepsmense. |
| | *Gerrit en Wim kom op en hang twee identiese formele pakke (aan hangers) aan die draad op.* |
| ILSE | *(vies)*: Hei! Wie skryf hierdie toespraak! |
| | *Juffrou Venter kom op en hang ŉ Japannese vlag aan die draad op.* |
| JUFFROU VENTER: | Reis verbreed jou horisonne. Om te leer van ander kulture is om nuwe respek en liefde vir jou eie kultuur te kry. |
| ILSE: | Dankie! Mmmmmmm. Die songodin het Japan geskep en hulle glo die kiesers is haar afstammelinge. |
| | *Lukas kom op en hang ŉ Manga-animasiegesig aan die draad.* |
| LUKAS: | Japannese Manga rock! |
| ILSE: | Hoe moet ek konsentreer? |
| | *Lukas gaan loer oor haar skouer.* |
| LUKAS: | Om nie van Japannese horror movies te praat nie! WHAA! |
| | *Elzette kom op en hang haar swart uitsrusting aan die draad op. Sy beweeg soos ŉ zombie.* |

9.8 Wat word deur Ilse, Ilse se ma, Gerrit en Wim en Lukas onderskeidelik met die ophang van hul kostuums gesuggereer? (4)

9.9 Herlees reël 36–37.

Gee ŉ karakterbeskrywing van Elzette soos die leser haar in die drama leer ken, sê wat haar verbeelde verhoogruimte in ŉ vroeëre toneel genoem is en lewer kommentaar op die simboliese betekenis van haar optrede hier. (3)

9.10 Dui Ilse se optrede in hierdie uittreksel op tekens van karakterontwikkeling? Motiveer jou antwoord met TWEE voorbeelde van haar handeling ná hierdie gedeelte. (2)

9.11 Hoe verskil Ilse se ma se lewensbeskouing in TEKS D van haar algehele ingesteldheid in TEKS C? (1)

9.12 Wat dink jy is die tema en boodskap van hierdie drama? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou